UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# OORSPRONG EN MANIFESTASIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE HARTBEES- OF DAKHUIS: 'N KULTUURHISTORIESE STUDIE

deur

**JOHANNES JACOBUS RAATH**

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM (KULTUURGESKIEDENIS)

in die

**Fakulteit Geesteswetenskappe**
**Universiteit van Pretoria**
**Pretoria**
**Junie 2001**

Leier : Prof. O.J.O. Ferreira
Medeleier : Prof. S.W. le Roux

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**VOORWOORD**

Graag maak ek van die geleentheid gebruik om my opregte dank teenoor die volgende persone en instansies uit te spreek:

- my studieleier, prof. O.J.O. Ferreira vir sy toegewyde leiding, steun, aanmoediging en geduld
- my medestudieleier prof. S.W. le Roux vir sy belangstelling, raad en leiding
- dr. J.C. Pretorius vir haar belangstelling, hulp en aanmoediging. Sy het my aandag op uiters belangrike bronne wat nie aan my bekend was nie, gevestig
- dr. J. Walton wat bereid was om sy kennis en ervaring met my te deel
- mnr. F. Dreyer, fotograaf van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum vir fotokopiëring van pikturale bronne
- mev. S. Naudé vir haar hulp met die taalversorging
- die informante vir hulle bereidwillige en uiters belangrike bydrae
- die personeel van museums, argiefbewaarplekke en biblioteke wat hulp verleen het
- die Universiteit van Pretoria vir die toekenning van die Nederlandse Studiefonds
- en my vrou Linda sonder wie se ondersteuning, hulp en aanmoediging ek die studie nie sou kon voltooi het nie

J.J. Raath

Pretoria

Junie 2001

# INHOUD

| | | | |
|---|---|---|---|
| VOORWOORD | | | i |
| LYS VAN ILLUSTRASIES | | | vi |
| GLOSSARIUM | | | xii |
| LYS VAN AFKORTINGS | | | xxii |
| I | INLEIDING | | 1 |
| | A. | Motivering vir die keuse van die onderwerp | 1 |
| | B. | Probleemstelling en werkshipotese | 1 |
| | C. | Omvang van die studie | 2 |
| | D. | Literatuuroorsig van die hartbees- of dakhuis | 2 |
| | E. | Navorsingsmetodiek | 3 |
| | F. | Die aard van volksargitektuur | 3 |
| | G. | Historiese agtergrond | 6 |
| | | 1. Die blanke koloniste se koms na die Kaap | 6 |
| | | 2. Die vryburgers | 7 |
| | | 3. Die vee- en Trekboere | 7 |
| | | 4. Die Groot Trek | 7 |
| | | 5. Akkulturasie | 8 |
| | H. | Die hartbees- of dakhuis in die volksargitektuur | 9 |
| | Note | | 10 |
| II | DIE BEGRIP HARTBEESHUIS | | 13 |
| | A. | Ontleding van die begrip hartbeeshuis in die kultuurgeskiedskrywing | 13 |
| | B. | Verwysings na die aard van die hartbeeshuis in tydgenootlike getuienis | 19 |
| | | 1. Bootvormige dakhuise as hartbeeshuise | 19 |
| | | 2. Wigvormige dakhuise as hartbeeshuise | 22 |
| | | 3. Ontwikkelde wigvormige dakhuise as hartbeeshuise | 22 |
| | | 4. Tydelike muurhuise as hartbeeshuise | 24 |
| | C. | Besluit | 25 |
| | Note | | 28 |

**III OORSPRONG VAN DIE TERM HARTBEESHUIS** 32

A. 'n Kritiese ontleding van die bestaande teorieë 32

1. Hartbeesjagtershut 32
2. Hardbieshuis (harde-biesie-huis) 32
3. Die hartbeesboksoort 36
4. '*Haru*'(b)-bies-hut 37
5. *Hirtenhaus* (herdershuis) 38
6. Vorm van die hartbeesboksoort 39

B. Besluit 40

Note 43

**IV OORSPRONG VAN DIE SUID-AFRIKAANSE HARTBEESHUIS** 46

A. 'n Kritiese ontleding van die bestaande teorieë 46

1. Prototipes van die bootvormige hartbeeshuis 46
   (a) Khoikhoi-matjieshutte 46
   (b) San- en Khoikhoi-skerms 54
   (c) Wes-Europese *sparrendak* en *krukgebint* 57
   (d) Noordwes-Europese (Nederlandse) tradisie 59
2. Prototipes van die wigvormige kapstylhuis 60
   (a) 17de-eeuse Nederland 60
   (b) Vroegste Noord-Europese bouvorm 60
   (c) Prehistoriese Nederland en Nederduitsland 62
   (d) Noordwes-Europese *hallehuis* 63

B. Die Noordwes-Europese dakhuistradisie 64

1. Verspreiding en ouderdom van die gaffel- en daksuilondersteunde-nokpaalkonstruksie 65
   (a) Bootvormige dakhuise 65
   (b) Wigvormige dakhuise 67
2. Verspreiding en ouderdom van die vurk-ondersteunde-nokpaalkonstruksie 80
   (a) Bootvormige dakhuise 81

(b) Wigvormige dakhuise 87

3. Verspreiding en ouderdom van die kapstylraamwerk 105

(a) Wigvormige dakhuise 105

C. Besluit 134

Note 135

V VORM, MATERIAAL EN KONSTRUKSIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BOOTVORMIGE HARTBEESHUIS 148

A. Keuse van 'n terrein 148

B. Grondplan en grootte van die woning 148

C. Oprigting 149

1. Raamwerk 149

2. Dakbedekking 159

3. Pleisterwerk 162

(a) Voorbereiding van die pleistermateriaal 163

(b) Die pleisterproses 163

4. Deure 164

5. Vensters 167

6. Die klei- of grondvloer 168

(a) Voorbereiding van die grond 168

(b) Insit van die vloer 169

(c) Afwerking en instandhouding 169

7. Muurafwerking 171

8. Meubilering 172

D. Die kookhuis 174

E. Besluit 176

Note 177

VI VORM, MATERIAAL EN KONSTRUKSIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WIGVORMIGE HARTBEESHUIS 196

A. Die kapstylhuis 196

1. Saaldak 196

2. Skilddak 208

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3. Skilddak met geronde ente 208

4. Die ontwikkelde kapstylhuis 214

(a) Saaldak 214

(b) Skilddak 229

B. Die vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie 233

1. Saaldak 233

2. Skilddak met geronde ente 236

3. Die ontwikkelde dakhuis 239

(a) Saaldak 239

(b) Skilddak 245

C. Die gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie 245

1. Saaldak 245

2. Die ontwikkelde dakhuis 247

D. Besluit 250

Note 252

SLOTBESKOUING 263

MOONTLIKHEDE VIR VERDERE NAVORSING 267

BRONNELYS 269

SAMEVATTING 288

SUMMARY 289

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**ILLUSTRASIES**


1. Raamwerktipes van Suid-Afrikaanse wigvormige dakhuise 15

2. 'n Driebeukige *hallehuis* 17

3. 'n Bootvormige hartbeeshuis 20

4. 'n "Halwe" dakhuis met 'n gaffelsuilondersteunde-nok-paalkonstruksie, Kaap 23

5. Raamwerktipes van Suid-Afrikaanse hartbees- of dakhuise 26

6. Die hartbeesboksoort 34

7. Raamwerk van 'n Khoikhoi matjieshut 50

8. 'n San matjieshut 51

9. Raamwerk van 'n bootvormige hartbeeshuis, Schoemansdal Museum, Noord-Transvaal 53

10. San skerms 56

11. Raamwerktipes van Europese dakhuise 66

12. 'n Prehistoriese bootvormige dakhuis, Terra Amata, Frankryk 68

13. 'n Bootvormige dakhuis met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie, Vlaandere 69

14. 'n Assiriese bootvormige dakhuis 70

15. 'n Magdaleense *Tectiform*, Font-de-Gaume, Frankryk 70

16. Rekonstruksie van 'n Magdaleense dakhuis 71

17. Voorstelling van 'n Magdaleense dakhuis 72

18. Dakraamwerk van 'n *grubenwohnung* Frauenberg, Marburg, Duitsland 74

19. Grondplanne van Saksiese hutte, Mucking, Engeland 74

20. Rekonstruksie van 'n *hutkom*, Kootwijk, Nederland 75

21. 'n Italiaanse skaapherderskamp met dakhuise 75

22. Kapstylhuise en "halwe" dakhuise, Boedapest, Hongarye 76

23. 'n Ontwikkelde dakhuis met 'n versinkte vloer, Athelney, Somerset, Engeland 77-78

24. Grondplan van 'n donkiestal, Seville, Spanje 79

25. 'n Bootvormige dakhuis, Dullenried, Federsee, Württemberg, Duitsland 82

26. 'n Keltiese bootvormige boerehuis, Mayen, Eifel, Duitsland 83-84

27. Bidkapel van Gallerus, naby Dingle, Kerry, Ierland 85

28. Bootvormige dakhuise, Gotland, Swede 86

29. 'n Bootvormige Anglo-Deense dakhuis, Plumbland, Engeland 88

30. 'n Bootvormige dakhuis met 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie, Vlaandere 89

31. 'n Bootvormige klipmesselwerkershut, Nederland 90

32. 'n Bootvormige struktuur met 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie, naby Audenarde, België 90

33. 'n Bootvormige *wagenberg*, Maillen-Courrière, Namen, Walonië 91

34. Huis met 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie, Oekraine 92

35. *Skali*, Jämtland, Skandinawië 93

36. 'n Langer dakhuis waar gaffel- of daksuile om die beurt deur vurke afgewissel word, Swede 93

37. Wigvormige dakhutte met vurkondersteunde-nokpale, Münster, Noordwes-Duitsland 94

38. 'n Wigvormige dakhuis, Engeland 95

39. 'n Wigvormige dakhuis, Scrivelsby, Engeland 97-98

40. 'n Wigvormige dakhut buite 'n Italiaanse stad, vermoedelik Siëna 99

41. Wigvormige dakhuise met seilbedekte dakvlakke, Nederland 100

42. Skipbreukelinge besig om 'n tent op te slaan 101

43. 'n Dakhut met 'n versinkte vloer, Koh-Coët, Guénin, Morbihan, Bretagne 102

44. 'n Dakhut met 'n versinkte vloer, Botcol, Guénin, Morbihan, Bretagne 102

45. 'n Dakhut, Bouleguy, Plumelin, Morbihan, Bretagne 103-104

46. Magdaleense afbeelding van 'n moontlike kapstylhuis 106

47. 'n *Sparrenhaus* (kapstylhuis) in Sundewitt (Angeln), Duitsland 108

48. *Schapkoven* (kapstylhuis), Noord-Duitsland 109

49. 'n Herdershut (kapstylhuis), Nederland 110

50. 'n Kapstylhuis op 'n Nederlandse strand 111

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

51. 'n Visserswoning (kapstylhuis), Nederland 112

52. 'n Visserswoning (kapstylhuis), Nederland 113

53. 'n *Plaggenhut* in Dalerveen, Drenthe, Nederland 114

54. 'n *Plaggenhut* in die Nederlands Openluchtmuseum, Arnhem 115

55. Die *plaggenhut* van Willem Mulder, Groningen, Nederland 116

56. 'n *Plaggenhut* in die opelugmuseum De Zeven Marken Schoonoord, Nederland 117

57. Die binnekant van 'n Noord-Nederlandse *plaggenhut* 119

58. 'n Kapstylhuis by Bellingwolde, Groningen, Nederland 120

59. 'n *Schrankkeet* (bok- of kapstylraamwerk) in die Lage Zwaluwe, Nederland 121

60. 'n Ontwikkelde kapstylhuis, Vlaandere 122

61. 'n Ontwikkelde dakhuis met 'n wolwe-voorgewel, Vlaandere 123-124

62. 'n Ontwikkelde dakhuis in die vorm van 'n skilddak, Vlaandere 125

63. 'n *Sparrendak* op lae vertikale pale, Vlaandere 126

64. 'n Skaapherdershut (kapstylhuis) in die Auvergne, Frankryk 127

65. Vissershuise (kapstylhuise), Denemarke 128

66. *Barracas* (kapstylhuise), Albufera, naby Valencia, Spanje 129

67. *Barracas* (kapstylhuise) met lae symure, naby Valencia, Spanje 129

68. *Barracas* (kapstylhuise) met 'n solder, noorde van Madeira, in die omgewing van Santana 130

69. 'n *Barraca* (kapstylhuis), noorde van Madeira, in die omgewing van Santana 131

70. 'n Skaapwagtershuis (kapstylhuis), Hongarye 133

71. 'n Bootvormige hartbeeshuis met 'n deur in een van die sluitgewels 150

72. 'n Bootvormige hartbeeshuis met 'n vertikale sluit gewel, Oos-Kaap 151

73. 'n Bootvormige hartbeeshuis met 'n klampdeur 152

74. 'n Bootvormige hartbeeshuis noord van Brits, Transvaal 153

75. Binnekant van 'n bootvormige hartbeeshuis noord van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Brits, Transvaal 154

76. Binnekant van 'n bootvormige hartbeeshuis noord van Brits, Transvaal 157

77. 'n Eksperimentele rekonstruksie van 'n bootvormige hartbeeshuis in die Schoemansdal Museum, Noord-Transvaal 158

78. Bootvormige hartbeeshuise, Betanië, Transorangia 160

79. 'n Bootvormige hartbeeshuis teen die hange van die Piketberg, Wes-Kaap 165

80. 'n Kapstylhuis in die vorm van 'n skilddak, Oos-Kaap 166

81. Binnekant van die tent van 'n Trekboer, Griekwaland 173

82. 'n Kapstylhuis, kookhut en kapstylwaenhuis in die Schoemansdal Museum, Noord-Transvaal 175

83. Die ligging van die *Fort de Goede Hoope* met die loods en tente van die koloniste 197

84. Die loods (*plancke tent*) van Jan van Riebeeck en sy gesin 199

85. Dakhuise wat ongeag die materiaal, in Nederland as tente bekend gestaan het 200

86. Kapstylhuise by Groenland, naby Kranskop, Natal 203

87. 'n Kapstylhuis met 'n uitgeboude vuurherd, Vermaaklikheid, distrik Riversdal, Suid-Kaap 206

88. 'n Kapstylwaenhuis, Heidelberg, Suid-Kaap 207

89. 'n Kapstylhuis en 'n kapstylraamwerk, Puntjie, distrik Riversdal, Suid-Kaap 209

90. Kapstylhuise, Puntjie, distrik Riversdal, Suid-Kaap 210

91. Die dek van 'n kookhut by Puntjie, distrik Riversdal, Suid-Kaap 213

92. 'n Kapstylhuis en 'n keëlvormige kookhut, Bosberg, Oos-Kaap 215

93. 'n Kapstylhuis met geronde ente, op die plaas De Hoop tussen Ladybrand en Maseru, Oranje-Vrystaat 216

94. 'n Kapstylskuur met geronde ente teen die suidelike hang van die Magaliesberg, Suid-Transvaal 217

95. 'n Kapstylskuur, Blauwbank, Suid-Transvaal 218

96. 'n Dakkap op lae mure, McGregor, Wes-Kaap 220

97. 'n Kapstylskuur en 'n ontwikkelde kapstylhuis, Heidelberg, Suid-Kaap 221

98. Nedersetting van die eerste Port Natal-setlaars 222

99. Twee kapstylhuise in die "Middle Creek", Pelgrimsrus, Oos-Transvaal 223

100. Ruïne van 'n kapstylhuis met lae symure, Goedverwacht, Piketberg, Wes-Kaap 224

101. Ruïne van 'n kapstylhuis met lae symure, Wittewater, Piketberg, Wes-Kaap 225

102. 'n Ontwikkelde kapstylhuis, Puntjie, distrik Riversdal, Suid-Kaap 226

103. 'n Ontwikkelde kapstylhuis, Vermaaklikheid, distrik Riversdal, Suid-Kaap 226

104. 'n Ontwikkelde kapstylhuis, Duinerug, distrik Heidelberg, Suid-Kaap 228

105. 'n Ontwikkelde kapstylhuis, Botterkloof, naby Stilbaai, Suid-Kaap 230

106. Ontwikkelde kapstylhuise op die plaas Kafferskloof, Piketberg, Wes-Kaap 231

107. 'n Ontwikkelde dakhuis met 'n skilddak, distrik Ceres, Wes-Kaap 232

108. 'n Ontwikkelde kapstylhuis met 'n skilddak, waarskynlik Noordwes-Kaap 234

109. 'n Skilddakvormige kapstylskuur op vertikale pale, Waterberg, Noord-Transvaal 235

110. 'n Wigvormige dakhuis met 'n vurkondersteunde-nokpaal, Dassen-eiland, Kaap 237

111. Wigvormige dakhuise met vurkondersteunde-nokpaal, Kamdeboo, Oos-Kaap 238

112. 'n Wigvormige dakhuis by Avontuur, Langkloof, distrik Uniondale, Suid-Kaap 240

113. 'n Plaasstoor met 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie, Nolls Halt, Langkloof, distrik Uniondale, Suid-Kaap 241

114. 'n Ontwikkelde dakhuis met 'n vurkondersteunde-nokpaal, Swartland, Wes-Kaap 242

115. 'n Ontwikkelde dakhuis met 'n vurkondersteunde-nokpaal, Krakeelrivier, Langkloof, distrik Uniondale, Suid-Kaap 243

116. 'n Ontwikkelde dakhuis met 'n vurkondersteunde-nokpaal, Tweerivieren, Langkloof, distrik Uniondale, Suid-Kaap 244

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

117. 'n Wigvormige dakhuis met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie, Colesberg, Oos-Kaap 246

118. 'n Tent met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaal, moontlik Oos-Kaap 248

119. 'n Tent met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaal, Griekwaland 249

120. 'n Buitegebou, met 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaal, Koelfontein, aan die voet van Gydo Pas, bokant Prince Alfred's Hamlet, Wes-Kaap 251

## GLOSSARIUM

**abba-vuurherd:** kyk komyntjie.

**afdak** (ook platdak): hellende dak teen 'n gebou of 'n muur (Eng. *lean-to*).

**balk:** gesaagde langwerpige hout met 'n reghoekige deursnit; in teenstelling met 'n natuurlike geronde paal. Gebruik in konstruksie, horisontaal of teen 'n helling.

***barracas*** (Port./Sp.): hut, kaia of stalletjie.

**bintbalk** (ook bindbalk): onderste horisontale balk van 'n dakkap wat die kapbene paarsgewys saambind om die uitwaartse druk teen te werk.

***bintstelsel*** (Ndl.): twee rye teenoormekaarstaande *scheerstijlen* (d.i. vertikale style) wat bo paarsgewys deur 'n *scheerbalk* (d.i. 'n horisontale balk) verbind word. Dit vorm die dakstoel waarop die kapsparre of -style rus.

**bobintbalk** (ook bobindbalk): identies soos die hanebalk, maar die term hanebalk is slegs van toepassing op 'n kap waarvan die kapbene nie deur 'n bintbalk verbind word nie. Indien die kap op mure rus en dit moontlik is om die kapvoete met 'n bintbalk te verbind staan die boonste horisontale balkie nie as 'n hanebalk nie, maar as 'n bobintbalk bekend.

**bo-en-onderdeur:** deur wat horisontaal in twee dele verdeel is, en waarvan die onderdeur toegehou kan word terwyl die bodeur oopgehou word om lig en lug in te laat.

**bo-hoofstyl:** vertikale styl wat die hane- of bobintbalk met die nok verbind.

**bootvormige dakhuis:** huis met 'n spitsboogvormige of omgekeerde bootvormige dwarsdeursnit.

**bootvormige hartbeeshuis:** Suid-Afrikaanse tydelike woning met 'n spitsboogvormige of omgekeerde bootvormige dwarsdeursnit.

**buite bakoond:** vrystaande koepel- of tonnelgewelfvormige struktuur, onder meer vir die bak van brood.

***capanna*** (It.): hut of skuur.

***cruck*** (Eng.): natuurlik gekromde boomstamme wat paarsgewys op die grond ontspring en wat by die nok kruis om 'n V te vorm waarin die nokpaal rus. Oorspronklik 'n bootvormige dakhuis met 'n vurkondersteunde- nokpaalkonstruksie.

**dakbedekking:** buitenste afdekking van 'n dak soos byvoorbeeld gras, dakpanne of -leie.

**dakbeskot:** laag planke tussen die dakgeraamte en die eintlike dakbedekking, wat uit dakpanne, -leie of 'n derglike bedekking kan bestaan. Kyk ook liggende en staande dakbeskot.

**dakhuis:** woning bestaande uit 'n dak direk op die grond.

**dakkap:** raamwerk van hout wat dien om die dakbedekking van 'n gebou te dra.

**dakmuur:** dakvlak by 'n bootvormige hartbeeshuis, wat van die dakvoet (grond) met 'n konvekse kurwe na die nok loop en tegelyk die dak en muur vorm.

***dakschild*** (Ndl.): kyk dakskild.

**dakskild:** enige van die skuinsdakvlakke wat onder meer by 'n saalskild- of wolfdak voorkom.

**daksuilondersteunde-nokpaalkonstruksie:** gaffel- en/of binnenshuise suile op die lengte-aslyn van die gebou wat dien as onderskraging van die nokpaal waarop die kapsparre rus.

***dakzuil*** (Ndl.): kyk daksuilondersteunde-nokpaalkonstruksie.

**dekkersbalk:** horisontale balk wat met rieme of tou aan die nokpaal vasgemaak is, of wat met behulp van twee lang penne aan die onderkant in die grasdak vasgedruk is. Dien as 'n sit- of staanplek gedurende die dakdekproses.

**deklat:** latjie wat bo-op die dekmateriaal en parallel met die dwarslat onder die dekmateriaal geplaas word, sodat wanneer die dekmateriaal vasgewerk is, dit tussen die dwarslat en deklat vasgedruk word.

**dekspaan:** reghoekige harde houtplank met 'n handvatsel met kort spykertjies, 'n geriffelde oppervlak of vlak gaatjies, afhangende van die soort dekmateriaal wat gebruik word. Die dekmateriaal word met die dekspaan gelyk opgedryf voordat dit finaal vasgetrek word.

**deurkosyn:** raamwerk, in 'n muur of dakvlak ingebou vir die hang van 'n deur.

**drakap:** twee of meer pare kapbene wat by die nok kruis om 'n V te vorm waarin die nokpaal rus. Kyk vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie.

**dwarslat** (ook daklat): enigeen van die horisontale latte van 'n dakgeraamte waarop die dakbedekking vasgemaak word.

**entgewel:** sluitgewels aan die kort ente van 'n langhuis.

**fondament:** ondergrondse horisontale gedeelte van 'n bouwerk, waarop die res van die gebou rus.

***fonds de cabanes*** (Fr.): woning wat gedeeltelik in die grond ingegrawe is.

***forked upright ridge-tree support*** (Eng.): kyk gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie.

**gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie:** twee vertikale gevurkte gewelstyle waarin die nokpaal rus.

***gaffelzuil*** (Ndl.): kyk gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie.

***gebint*** (Ndl.): kyk *bintstelsel*.

***gevel*** (Ndl.): kyk gewel.

***gevelteken*** (Ndl.): simboliese teken op die bopunt van 'n gewel.

**gewel:** muur ingesluit in die driehoekige ruimte tussen die twee skuins dakvlakke (wat mekaar sny) van 'n gebou met 'n saal- of wolfdak.

**gewelvoet:** waar die gewelmuur op die grond of muurgedeelte van die huis rus.

***Grubenhäus*** (D.): woning wat gedeeltelik in die grond ingegrawe is.

***Grubenwohnung*** (D.): kyk *Grubenhäus*.

***halfhoutse inkepingen*** (*halfhouts*) (Ndl.): kyk halfhoutsvoeg.

**halfhoutsvoeg:** by die halfhoutsvoeg word twee balke of pale wat gelas word, tot die helfte van die breedte of diameter uitgesaag, sodat die gelaste gedeelte dieselfde deursnit as een van die balke of pale het.

**half-ondergrondse woning:** woning waarvan die vloer in die grond versink is.

***hallehuis*** (Ndl.): plaashuis wat deur middel van twee rye vrystaande vertikale style (*scheerstijlen*) in drie beuke verdeel word en wat deur mens en dier gesamentlik bewoon is. Kyk ook *bintstelsel*.

**hanebalk:** kort horisontale balkie wat die teenoorstaande kapbene, kapsparre, of kapstyle paarsgewys verbind. By die dakhuis is die hanebalk gewoonlik net onder die nok geleë. Kyk ook bobintbalk.

**hartbeeshuis:** langhuis vir tydelike bewoning wat omgekeerde bootvormige en wigvormige dakhuise, ontwikkelde dakhuise, asook muurhuise in sy eenvoudigste vorm, waarvan die mure nie hoër as ongeveer deurhoogte is nie, insluit.

***havod*** (Wallies): 'n hut wat opgeslaan kan word om elders weer heropgerig te word.

***Hirtenhaus*** (D.): herdershuis.

***Hirtenhütte*** (D.): herdershut.

**hoekkortstyl:** styl wat van die dakvoet na 'n hoekstyl in plaas van die nok loop. Kyk ook hoekstyl.

**hoekstyl** (ook hoekspar): styl of spar op enige van die vier hoeke van 'n skilddak wat van die grond of muurkop tot by die naaste nokent strek.

**hoofstyl:** vertikale styl wat die bintbalk met die nok verbind.

***houten nagels*** (Ndl.): kyk pen-en-gatverbinding.

**hut:** primitiewe woning, dikwels 'n hemisferiese, byekorf- of

keëlvormige dak direk op die grond.

***hutkom*** (Ndl.): prehistoriese woning met 'n ronde of ovaal grondplan wat gedeeltelik in die grond ingegrawe is.

***jufferbanden*** (Ndl.): kyk windlat.

**kap:** kyk dakkap.

**kapbeen:** drakappe wat uit kapbene wat paarsgewys by die nok kruis om 'n V te vorm waarin die nokpaal rus, bestaan. Kyk vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie.

**kaplatte** (ook gording): balke of pale wat die drakappe horisontaal verbind en waarop die kapsparre rus.

**kapspar** (ook spanrib): kap- of daksparre rus teen die nokpaal - en kaplatte indien aanwesig - van 'n gaffelsuil- of vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie. Dwarslatte word horisontaal op die kap- of dakspare aangebring waarop die dekmateriaal vasgemaak word.

**kapsparkop:** bo-punt van 'n kapspar.

**kapsparvoet:** onderste punt van 'n kapspar.

***kapstijl*** (Ndl.): kyk kapstyl.

**kapstyl:** style of sparre waaruit die dakkappe van 'n kapstylhuis saamgestel is, en wat paarsgewys deur 'n hanebalk verbind word.

**kapstylhuis** (ook kapsteilhuis): wigvormige dakhuis direk op die gond, waarvan die dakkappe uit kapstyle bestaan wat in pare deur hanebalke verbind word. Drakappe en 'n nokpaal ontbreek. Dit is dus 'n "enkel" konstruksie waarvan die dwarslatte direk op die kapstyle rus.

**kapstylkop:** bo-punt van 'n kapstyl.

**kapstylvoet:** onderste punt van 'n kapstyl.

***keet*** (Ndl.): ligte houtgeboutjie vir tydelike verblyf.

***king post*** (Eng.): kyk hoofstyl.

***komwoning*** (Ndl.): kyk hutkom.

**komyntjie:** (waarskynlik D. *Kamin*) vuurherd en skoorsteen wat na buite, uit 'n gewelent uitgebou is.

**kortstyl:** styl wat van die grond of muurkop tot by 'n hoekstyl of -spar strek. Kyk ook hoekstyl.

***krukgebint*** (ook *cruck*) (Ndl.): natuurlik gekromde boomstamme wat paarsgewys op die grond ontspring en wat by die nok kruis om 'n V te vorm waarin die nokpaal rus. Dus 'n bootvormige dakhuis met 'n vurk-ondersteunde-nokpaalkonstruksie. C.V. Trefois sluit by dié begrip ook meerbeukige bootvormige dakhuise in waarvan die dakraamwerk uit pale wat oorgebuig word, bestaan.

**langhuis:** een- of meersellige huis waarvan die vertrekke in 'n ry

geplaas is, met konstante diepte, standaard dwarsdeursnit en beperkte dakspan.

***leem*** (Ndl.): benaming vir verskillende grondsoorte wat mengsels is van kieselsuuraluminium en sand en soms nog ander stowwe. Dit is 'n mengsel van klei en fyn sand.

**lengte-aslyn:** denkbeeldige lyn wat parallel met die noklyn in die lengte deur die middel van die woning loop.

**liggende dakbeskot:** waar die beskot (plankbedekking) horisontaal loop.

***loods*** (Ndl.): ligte geboutjie veral uit hout opgerig wat as 'n skuur, bergplek of *keet* (tydelike woning) dien.

**matjiesgoed:** soort biesie (*Cyperis textilis*) wat gebruik word om matjies mee te vervaardig.

**matjieshuis:** hut met 'n ronde of ovaal grondplan wat uit 'n ligte latraamwerk wat met matjiesgoedmatjies bedek word, bestaan.

**matjieshut:** kyk matjieshuis.

**muurhuis:** huis waarvan die mure deurhoogte of hoër is.

**muurkop:** bokant van 'n muur.

**muurplaat:** swaar horisontale plank of balk, wat plat in 'n buitemuur ingebou of daarop aangebring word, wat die ente van die kapbene, kapsparre, of -style en bintbalke stut, en wat help om die gewig van die dakkonstruksie van 'n gebou eweredig te versprei.

**nok:** hoogste horisontale gedeelte van 'n staandak.

***noknaald*** (Ndl.): kyk nokpaal.

**nokpaal:** boonste horisontale paal in die dakraamwerk. Kyk gaffelsuilondersteunde- en vurkondersteunde-nokpaalkonstruksies.

***nokruiter*** (ook *nokgording* of *noknaald*) (Ndl.): kyk nokpaal.

**ongelaagde ruklipmuur:** muur wat uit ruwe, gedeeltelik- of onbewerkte klip van verskillende groottes gebou is.

**onopgedrewe dekmetode:** trapsgewyse dekmetode waar die lae dekmateriaal nie met 'n dekspaan opgedryf word om 'n gelyk oppervlak te vorm nie.

**ontwikkelde dakhuis:** wigvormige dakhuis op mure laer as deurhoogte.

**ontwikkelde kapstylhuis:** kapstylhuis op mure laer as deurhoogte.

**oordekte gewel:** gewel waar daar nie 'n gewelborswering voorkom nie en die dakbedekking oor die gewel van 'n saal- of wolfdak strek.

**opgedrewe dekmetode:** waar 'n dekspaan gebruik word om die lae dekmateriaal gelyk op te dryf voordat die bindmateriaal vasgetrek word.

**paal:** langwerpige, stewige natuurlike ronde en onbewerkte stuk hout.

**paal-en-kleihuis:** huis waarvan die mure uit vertikale pale bestaan en waarvan die ruimtes tussen die pale met sparretjies gevul word, waarna dit met 'n klei- of grondmengsel gepleister word.

***paired-couple framework*** (Eng.): kyk kapstylhuis.

**pen-en-gatverbinding:** houtverbinding waar 'n gat met 'n awegaarboor geboor word, en waardeur 'n harde houtpen met 'n deursnit wat effens groter as die gat is, ingeslaan word.

***pit dwelling*** (Eng.): kyk half-ondergrondse woning.

***plaggenhut*** (Ndl.): kapstylhuis of ontwikkelde kapstylhuis waarvan die dak met dun sooie van heidegrond bedek word. In die geval van 'n ontwikkelde dakhuis is die muurtjie gewoonlik ook van *plaggen*-sooie gebou.

**plankbeskot:** plankbedekking teen 'n muur of op 'n dakgeraamte.

**plankdeur:** deur wat uit drie of meer vertikale planke saamgestel is, en wat aan die agterkant deur twee of drie horisontale planke of klampe (bo- slot- en onderreling) vasgehou word. 'n Geklampte plankdeur kan ook uit 'n bo-en-onderdeur bestaan.

**pondok:** hemisferiese hut van Maleise oorsprong.

**populêre argitektuur:** in teenstelling met voor-industriële volksargitektuur, die argitektuur van 'n volk (kultuureenheid), hoort industriële populêre argitektuur tot 'n nasie (kultuurgroep). Populêre argitektuur is by die middele en behoeftes van die grootste gedeelte van 'n bevolking binne 'n duidelik definieerbare periode aangepas. Dit is nie 'n elite of progressiewe argitektuur nie en maak eerder deel van die gewone en alledaagse uit. Populêr is deur H. Glassie as "mass and normative" omskryf.[1] Populêre argitektuur het sedert ca. 1850 geleidelik die plek van volksargitektuur in Suid-Afrika ingeneem.

***potdekseling*** (Ndl.): beskot wat dakpangewys of trapgewys aangebring is en wat in Noord-Holland as *getrapte weeg* bekend staan.

***primary tong-support*** (Eng.): kyk vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie.

**radiale sparre:** sparre wat aan die kort ente van 'n skilddak by die grond of muurkop ontspring en wat by die naaste nokent bymekaar kom.

**radiale style:** style wat aan die kort ente van 'n skilddak by die grond of muurkop ontspring en wat by die naaste nokent bymekaar kom.

**saaldak:** staandak wat uit twee skuins dakvlakke bestaan.

***Schäferhütte*** (D.): skaapherdershut.

***Schapkoven*** (D.): skaapstal.

***scheerbalk*** (Ndl.): kyk *bintstelsel*.

***scheerstijlen*** (Ndl.): kyk *bintstelsel*.

***schrankkeet*** (Ndl.): dakhuis met 'n bok- of kapstylraamwerk (Ndl. *sparrendak*). Kyk ook kapstylhuis en *Sparrenhaus*.

**skaapboudgewel:** oordekte gewel wat uit 'n segment van 'n sirkel (deursnit van 'n skaapboud) bestaan.

**skerm:** primitiewe struktuur vir slaap- of kookdoeleindes, onder meer in die vorm van 'n halwe hemisfeer.

**skilddak:** staandak van 'n gebou met 'n reghoekige grondplan wat uit vier skuins dakvlakke bestaan, waarvan die nok korter as die lengte van die gebou is. Met die konstruksie van die dakraamwerk word die entgewelkappe weggelaat. Op die vier hoeke word hoekstyle geplaas wat met die nok van die naaste kap verbind is. Die entdakvlakke word verder van radiale- of hoekkortstyle voorsien. Kyk ook vorsdak.

**sluitgewel:** kyk gewel.

**sooimuur:** muur wat uit sooie wat grond en graswortels bevat gebou is.

**spar:** kyk kapspar.

**sparkop:** bo-punt van 'n spar.

***sparrendak*** (Ndl.): kyk kapstylhuis.

***Sparrenhaus*** (D.): wigvormige dakhuis waarvan die raamwerk soos die Suid-Afrikaanse kapstylhuis en Nederlandse *sparrendak*, hoofsaaklik uit kapsparre of -style en hanebalke saamgestel is.

***sparrenkop*** (Ndl.): kyk sparkop.

**spreilaag:** dun laag riete of matjiesgoed wat op die dwarslatte gelê word voordat die dak met gras gedek word. Die spreilaag verhoed dat die grashalms nie na die binnekant hang nie.

**staande dakbeskot:** waar die beskot (plankbedekking) van die dakvoet na die nok loop.

**stompneusgewel:** kyk wolwe-ent.

**styl:** vertikale of diagonale konstruksie wat ondersteun of verbind. Kyk ook kapstyl.

***tectiform*** (Eng.): staandakvormige simbole of ontwerpe wat in die Paleolitiese rotskuns aangetref word.

***tent*** (Ndl.): tydelike herbenutbare struktuur wat uit ligte materiaal vervaardig is. Sonder nadere omskrywing is dit gewoonlik van linne of seildoek.

***tentbalk*** (Ndl.): nokpaal by 'n tent waarvan die raamwerk uit 'n gaffelsuil- of 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie bestaan.

***tentpalen*** (Ndl.): gaffelsuil by 'n tent waarvan die raamwerk uit 'n gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie bestaan.

**uitgeboude vuurherd:** kyk komyntjie (ook abba-vuurherd).

***upper kingpost*** (Eng.): kyk bo-hoofstyl.

***vlegwerkwand*** (Ndl.): muur wat uit 'n paal- of balkraamwerk bestaan en waarvan die oop ruimtes meestal uit vertikale style en horisontale latvlegwerk bestaan. Vlegwerk is dikwels met 'n klei- of grondmengsel gepleister.

**voetspaan:** reghoekige plank met 'n handvatsel aan die onderkant wat tydens die dekproses gebruik word om die dakvoet gelyk te klop.

**vorm** (van 'n gebou): grondplan en die uitwendige vorm van 'n gebou.

**vorsdak:** dak waar 'n horisontale nok aanwesig is soos by saal- wolf- en skilddakke.

**vorssuil:** kyk daksuilondersteunde-nokpaalkonstruksie.

**vrystaande gewel:** gewel met 'n borswering - 'n verlenging van die gewelmuur bo die dakbedekking.

**vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie:** kapbene wat paarsgewys by die nok kruis om 'n V te vorm waarin die nokpaal rus. Streng gesproke het die benaming slegs betrekking op die drakappe wat in die sluitgewels voorkom.

**vuurherd:** oop vuurmaakplek op die grond in 'n woning, buitekombuis of kookskerm. Ook van toepassing op 'n abba-vuurherd en komyntjie.

***wagenberg*** (Ndl.): waenhuis.

***wandplaat*** (Ndl.): kyk muurplaat.

***wattle and daub*** (Eng.): woning waarvan die dak deur vertikale pale ondersteun word en waarvan die ruimtes tussen die pale met gepleisterde vlegwerk gevul word.

**werwel:** draaibare houtjie aan 'n kosyn om 'n deur of luik te sluit.

**wigvormige dakhuis:** dakhuis met 'n wigvormige deursnit wat uit 'n saal-, wolf-, of skilddak bestaan.

**wigvormige hartbeeshuis:** Suid-Afrikaanse dakhuis met 'n wigvormige deursnit wat uit 'n saal-, wolf-, of skilddak bestaan.

**windlat:** lat in 'n saaldakvormige kapstylhuis wat aan die binnekant diagonaal van die eerste kapstylvoet by die voorgewel oor die kapstyle tot by die laaste kapstylkop by die agtergewel strek. Aan die ander sy van die huis strek die tweede windlat van die kapstylvoet by die agterste gewel diagonaal tot by die kapstylkop van die voorste gewel. Windlatte verstewig die huis teen sterk wind wat teen die vertikale sluitgewels waai.

**wolfdak** (ook wolwedak): saaldak met 'n wolwe-ent. Kyk ook vorsdak.

**wolwe-ent** (ook wolweneus of stompneusgewel): klein driehoekige dakskild bo 'n driehoekige oordekte gewel, waarvan die boonste gedeelte van die gewel ontbreek.

**wolwegewel:** kyk wolwe-ent.

**wolweneus:** kyk wolwe-ent.

***zadeldak*** (Ndl.): kyk saaldak.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Note**

1 H. Glassie, *Pattern in the material folk culture of the eastern United States*, p. 5.

## AFKORTINGS

| | | |
|---|---|---|
| BPM | : | Boland-plaasmuseum, Worcester |
| KAB | : | Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad |
| MA | : | Museum Africa, Johannesburg |
| NKHM | : | Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria |
| s.a. | : | *sine anno* (sonder jaartal) |
| SAB | : | Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad |
| s.l. | : | *sine loco* (sonder plek) |
| s.p. | : | *sine pagina* (sonder bladsynommer) |
| TAB | : | Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria |
| TPA | : | TPA Biblioteek en Museumdiens, Pretoria |
| UCT | : | University of Cape Town |
| UN | : | University of Natal |
| UP | : | Universiteit van Pretoria |
| UW | : | University of the Witwatersrand |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**SAMEVATTING**

Titel: Oorsprong en manifestasie van die Suid-Afrikaanse hartbees- of dakhuis: 'n kultuurhistoriese studie.

Outeur: Johannes Jacobus Raath.

Studieleiers: Prof. O.J.O. Ferreira en prof. S.W. le Roux.

Departement: Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Pretoria.

Graad: M.A. (Kultuurgeskiedenis).

Hierdie verhandeling is 'n studie van hartbees- of dakhuise, wat van 1652 tot in die 20ste eeu in Suid-Afrika voorgekom het. Jan van Riebeeck en sy gesin het aanvanklik (1652) in 'n tydelike dakhuis in Tafelbaai gewoon. Dakhuise is deur die vee- en Trekboere, asook die Voortrekkers na die uithoeke van die land versprei.

Die gevolgtrekking waartoe deur die studie gekom word is, dat die begrip hartbeeshuis dakhuise, ontwikkelde dakhuise en (lang)muurhuise vir tydelike bewoning insluit. Die dakraamwerk van die bootvormige dakhuis het uit 'n vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie bestaan. Drie dakraamtipes het by die wigvormige dakhuis voorgekom, naamlik die gaffelsuilondersteunde-nokpaalkonstruksie, vurkondersteunde-nokpaalkonstruksie en die kapstylraamwerk.

Geen bewyse ter ondersteuning van die bestaande teorië oor die oorsprong van die term hartbeeshuis kon gevind word nie. Tydgenootlike getuienis het tot die gevolgtrekking gelei dat die oorsprong van die term hartbeeshuis met die vorm van die inheemse boksoort, die hartbees verband hou.

Die Suid-Afrikaanse dakhuise toon direkte ooreenkomste met die millennia-oue Wes-Europese dakhuistradisie, waarvan die vorm en konstruksie ten spyte van geografiese verskille min of geensins verander het nie. Die lande van oorsprong en die prototipes word aangewys, waarna die Suid-Afrikaanse eweknie ten opsigte van die vorm, materiaal en konstruksie - met in begrip van streekverskille - beskryf word. In die slotbeskouing word die betekenis van die dakhuis as Westerse woning, asook die bewaring daarvan kortliks in oënskou geneem.

**Vryetaal sleutelterme**

Dak - dakhuis - dakkap - dakkonstruksie - etimologie - hartbeeshuis - hut - kapstylhuis - kultuurgeskiedenis - matjieshuis - pioniershuis - prehistorie - stoflike kultuur - Suid-Afrika - tradisie - volksboukuns - volksargitektuur - volkskultuur - Wes-Europa.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**SUMMARY**


Title: Origin and manifestation of the South African *hartbeeshuis* or roof dwelling: a cultural historical study.

Author: Johannes Jacobus Raath.

Supervisors: Prof. O.J.O. Ferreira and Prof. S.W. le Roux.

Department: History and Cultural History, University of Pretoria.

Degree: M.A. (Cultural History).

The study focuses on the history of the South African *hartbeeshuis* or roof dwelling dating from 1652 well into the 20th century. For the first few months in Table Bay, Jan van Riebeeck and his family had to reside in a temporary roof dwelling. Roof dwellings were distributed through South Africa by the migrating stock-and cattle-farmers and eventually by the Voortrekkers.

The conclusion of the study is that the concept *hartbeeshuis* refers to roof dwellings, developed roof dwellings and the temporary long walled house. The roof structure of the boat-shaped roof house consisted of a primary tong-support. The framework of the wedge-shaped roof dwelling takes one of three forms: it may consist of two forked uprights carrying a ridge tree against which the sides lean; it may consist of two paires of sloping poles which cross at the apex to carry the ridge tree; or it may consist of a series of paired couples.

No evidence could be found to support any of the existing theories regarding the origin of the term *hartbeeshuis*. Contemporary evidence confirms that the term is associated with the shape of the indigenous antelope, the hartbees.

The South African roof dwelling correlate with the oldest building traditions in Western Europe. In South Africa, the basic shape and construction of the roof have only experienced little changes on a regional level. The various prototypes and the countries of origin are highlighted. The South African counterparts are described according to their shape, construction materials and technique. The study concludes with the significance of the roof dwelling as a Western dwelling type and the conservation thereof.



**Natural language keywords**

Cultural history - etymology - folk architecture - folk culture - *hartbeeshuis* - hut - *kapstylhuis* - material culture - *matjieshuis* - pioneer dwelling - prehistory - roof - roof construction - roof hut - roof truss - South Africa - tradition - vernacular architecture - Western Europe.